

Skriflesing: 1 Konings 19: 9 – 13 – “Hy (Elia) het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: “Wat maak jy hier, Elia?” 10 Hy antwoord toe: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israëliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.” 11 Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. 12 Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte. 13 Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: “Wat maak jy hier, Elia?”

- **Teksvers 1 Kon. 19:12(c)** - “'n fluistering in die windstilte...”

Notas: Ons hoor soms God se stem in donderweer en blitse, in aardbewings, in stormwind, in grootsheid van klank, in spektakulêre gebeurtenisse. Maar meestal as God Homself bekendstel in die Bybel, is dit in stilte. Elia ervaar dat God in “'n fluistering in die windstilte”. (Ou Vertaling: “die gesuis van 'n sagte koelte”). Letterlik uit Hebreeus vertaal: “die geluid van een dunne (sagte) stilte.” 'n Interessante parallel is in Job 4:16 – “Die gees het stil gaan staan. Hoe hy lyk, kon ek nie sien nie. Daar was net 'n gedaante voor my. Dit was stil, en toe hoor ek 'n stem”. Thomas Green sê hieroor: *“God speaks in silences and only they who are quiet at heart can hear what God says.”*

Ons het die laaste klompie Sondae stilgestaan by die tema: Hoe hoor 'n mens vir God? Dit moet beklemtoon word: Ons kan net God se stem hoor, as ons baie tyd spandeer in God se teenwoordigheid. 1 Kronieke 16:11 sê: “Soek gedurig die Here se teenwoordigheid”

Dit is 'n staande opdrag in die Bybel dat ons moet SOEK na God. Deut. 4: 29 (O.V.) sê jy sal God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. 'n Ander term hiervoor is: Om na die wil van God te vra.

Kom ons word nou prakties:

- Dit help nie ons bly by teorie nie. Dit help nie ons kyk of luister slegs 'n aanlynprek, en verder is daar geen teken van spirituele groei nie. Het jy al êrens – tussen al hierdie preke in die reeks oor God se stem... vir God hoor praat?
- Wat die Here al vir jou gesê het in die afgelope 5 maande van inperking?.
Onthou jy het nie 'n kerkgebou nodig om in 'n diepe verhouding met God te leef nie. *“The church is still here, even if the building is closed”*.
- Lees maar weer oor Elia en die sagte stil stem..., en dan mag jy nou maar met God praat!

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...